# VROUE IN DIE BLANKE POLITIEK VOOR 1994

**Annette Strauss***

***Summary***

*During the old regime in South Africa only a few women entered politics. It was only in 1930 that adult suffrage was granted to women and at the same time they became eligible for election. Since 1914 one after the other municipality allowed women to vote and to be elected on the council. However, for many decades only a small number of women made themselves available for election on government bodies. Those who did, were mostly women with strong personalities who made a positive contribution to their country.*

---

## 1. INLEIDING

In die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika is vroue goed verteenwoordig op al drie vlakke van regering, maar veral in die Nasionale Vergadering. Die rede hiervoor is dat gelykheid, ook wat geslag betref, 'n hoeksteen van die nuwe grondwet is. Die regerende ANC-party het 'n kwotabeleid wat vroueverteenwoordiging betref en die meeste ander partye streef ook gelykheid na.

Voor 1994 het die prentjie anders gelyk. Vroue het eers in 1930 stemreg gekry en oor die algemeen is geglo dat hulle bo alles tuisteskeppers en opvoeders van hul kinders moes wees en hulle nie in die openbare lewe moes begewe nie. Daar is ook gemeen dat deelname aan die politiek 'n vrou haar vroulikheid ontneem. Vroue wat wel hul deel in die openbare lewe wou doen, het hulle aanvanklik eerder op welsyns- en opheffingswerk toegespits.

In hierdie artikel word aangetoon hoedat vroue in Suid-Afrika se politieke bewussyn ontwaak het sodat hulle op vrouestemreg aangedring het. Verskeie buiteparlementêre bewegings word bespreek en daarna word die rol van vroue in die aktiewe politiek na die verkryging van die vrouestemreg geskets.

* Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat.

## 2. BUITEPARLEMENTêRE POLITIEKE BEWEGINGS

### 2.1 Die Vrouestemregbeweging

In Suid-Afrika is daar sedert die tyd van die Vryburgers gestry vir groter verteenwoordiging van die burgerlike bevolking in regeringsliggame. Hoewel die Afrikanerrepublieke meer demokraties as die Britse kolonies was, het slegs volwasse blanke mans stemreg geniet. Met die totstandkoming van die Kaapse parlement is stemreg aan volwasse mans toegeken, insluitende bruin en swart mans. Mettertyd het strenger kiesvereistes die getal bruin en swart stemgeregtigde mans beperk. In Natal was die situasie dieselfde, maar die streng kiesvereistes daar het dit prakties feitlik onmoontlik vir swart mans gemaak om te stem. Vroue het egter geen stemreg gehad nie. Met uniewording in 1910 is die status quo gehandhaaf.

Gedurende die neëntiende eeu het vroue oral in die wêreld 'n stryd gevoer om die stemreg te verkry. In Brittanje het hulle in 1918 'n mate van sukses behaal toe beperkte stemreg vir vroue ingestel is, gevolg deur gelyke stemreg vir mans en vroue in Mei 1928. Dit het ook beteken dat hulle sedertdien verkies sou kon word op regeringsliggame. Ander lande het spoedig in die Britte se spore gevolg. Terwyl daar in 1900 geen soewereine staat met vrouestemreg was nie, het 65 lande teen 1950 die stemreg toegestaan, hoewel in sommige lande op 'n beperkte skaal.[1]

In Suid-Afrika is die Women's Enfranchisement League (WEL) of the Cape Province (die Vrouwen Kiesrecth Liga van die Kaapprovinsie[2]) in Augustus 1907 gestig. Die bekende skryfster, Olive Schreiner, en Mary Brown was prominente lede van die beweging. Na 1910 het die beweging vinnig versprei en takke is oral in die land gestig. In 1919 het die National Council for Women 'n stemregkomitee gestig met Bertha Solomon as voorsitter. 'n Veldtog vir die stemreg vir vroue is oor die volgende jare met ywer aan die gang gehou.[3] Aanvanklik was die Nasionale Partyvroue nie geesdriftig oor die stemreg nie, volgens MER (Miemie Rothmann) omdat hulle voorkeur gegee het aan "die herwinning van ons vryheid en die opbou van die versonke deel van ons volk".[4] Hulle het dus nie met die WEL saamgewerk nie. Mettertyd het die Nasionale Vroueparty, eers net in die Kaapprovinsie maar later ook in die ander provinsies, die kwessie gereeld op hul kongresse bespreek.[5]

---

1 JEM Swan, **The role of women in South African politics**. Long essay for B.A.(Hons.) degree (University of Natal, 1967), p.10.
2 MPA Malan, **Die Nasionale Party van Suid-Afrika** (Kaapstad, 1964), p. 118.
3 Swan, pp. 15-8.
4 JC Steyn, **Die 100 jaar van MER** (Kaapstad, 2004), p.177.
5 Malan, pp.118, 119.

Dit het daartoe gelei dat die kwessie dikwels in die parlement ter sprake gekom het. Genl. Smuts, wat tot met die verkiesing in 1924 Eerste Minister was, het op 23 April 1924 hom ten gunste van die algemene stemreg vir vroue uitgespreek met 'n hoë kwalifikasie as vereiste. Hy het gesê dat hy nie ten gunste van die stemreg vir swart vroue was soos die Nasionale Party beweer het nie, behalwe in die Kaapprovinsie.[6] Die Nasionale Party (NP) het in daardie jaar met die steun van die Arbeidersparty aan bewind gekom met generaal JBM Hertzog as Eerste Minister. Hy was versigtig wat betref die toekenning van die stemreg aan vroue omdat hy gevrees het dat daar 'n toestroming van swart vrouekiesers sou wees. Volgens hom moes die "naturellekwessie" eers opgelos word.[7] 'n Groot aantal mans, waaronder ook die bekende Afrikaanse skrywer en politikus, CJ Langenhoven, was gekant teen die vrouestemreg - in 1924 het al die Nasionaliste behalwe Tom Naude daarteen gestem in die Volksraad.[8] Van hulle redenasies was dat dit nie die Skepper se bedoeling met vroue was nie, dat dit vroue se geaardheid sou verander sodat hulle die mans sou begin oorheers, dat hulle gelyke salarisse sou eis en hulle vroulikheid sou verloor en volgens die Kaaplandse NP-kongres van 1920, dat dit tot nadeel van die huisgesin en die land sou wees.[9] Tog was daar heelwat mans wat die saak ondersteun het en 'n Volksraadkommissie is aangestel om die saak te ondersoek.[10] Intussen het genl. Hertzog gevra dat vrouestemreg nie ingestel word voordat swartes van die kieserslys verwyder is nie.[11] Hy het egter belowe dat, indien hy die 1929-verkiesing sou wen en hy weer eerste minister sou wees, hy 'n voorstel vir vrouestemreg sou indien. Op 24 Mei 1930 het blanke vroue stemgeregtig geword ingevolge Wet 18 van 1930[12]. Vroue is sedertdien ook verkiesbaar tot die Volksraad en die Provinsiale Rade.[13]

## 2.2 'n Vroueparty

Johanna Brand het die Nasionale Vroueparty, ook genoem die Vroue Nasionale Party, op 21 Julie 1915 te Braamfontein, Johannesburg, gestig. Intussen het daar in Pretoria 'n Dameskomitee tot stand gekom om die rebelleleiers in die Sentrale Gevangenis by te staan en hul lot te probeer verlig. Daar het by hulle die idee ontstaan om 'n groot vrouedemonstrasie te reël om die owerheid te probeer oorreed om die gevangenes vry te laat. Hulle sou 'n afvaardiging na die Goewerneur-Generaal stuur om vir begenadiging te pleit. Vooraf het vroue optogte in dorpe en stede soos Bloemfontein gehou en op 4 Augustus 1915 het 6 000 vroue, wat 65 000

6 **Die Burger**, 20 Mei 1924.
7 Swan, p.19.
8 JC Steyn, **Die 100 jaar van MER** (Kaapstad, 2004), pp.196-200, 201.
9 Malan, p.118.
10 Swan, pp.20-1.
11 **Debatte van die Volksraad**, 2 Maart 1928, kolom 1955.
12 **Wette van die Unie van Suid-Afrika**, 19 Mei 1930, pp.15-7.
13 Swan, pp.22-3; Malan, pp.120-1.

vroue verteenwoordig het, na die Uniegebou gemarsjeer.[14] Hulle het 'n petisie aan lord Buxton, die Goewerneur-Generaal, oorhandig, maar die regering was nie bereid om amnestie te verleen nie. Die eerste minister, Louis Botha, het wel besluit om die leiers toegeeflik te behandel, behalwe in die geval van Jopie Fourie. Die optrede van die vroue was nie sonder betekenis nie. Geyser en Marais, et al., skryf: "Vir die eerste keer het die Afrikanervrou nou die politieke terrein betree, en in die toekoms sou sy aktief aan die politiek meedoen, hoewel vroue nog nie oor die stemreg beskik het nie. Hul invloed op politieke gebied kan egter nie maklik oorskat word nie, en hul simpatie het oorwegend by die Nasionale Party gelê."[15]

Die mislukking van die demonstrasie het die vroue laat besluit om politieke middele te gebruik om hul doel te bereik. Hulle het die Nasionale Vrouevereniging gestig, maar toe hulle verneem dat 'n soortgelyke organisasie reeds in Johannesburg bestaan, het hulle besluit om saam te smelt onder die naam Nasionale Vroueparty. Die eerste hoofbestuursvergadering is op 23 Oktober 1915 in Pretoria gehou en talle takke is daarna gestig. Die beweging het teen die einde van 1922 na die Oranje-Vrystaat uitgebrei en in 1923 na Natal, waar daar maar 'n klein getal Afrikaners was. Mabel Jansen, vrou van dr. EG Jansen, latere Goewerneur-Generaal van Suid-Afrika, was hier die leier en sy het ook later een van die onderleiers van die Nasionale Party in Natal geword. Op 1 Maart 1923 is die Kaaplandse afdeling van die party gestig. Die party is deeglik georganiseer en terwyl vroue nog nie die stemreg gehad het nie, het hulle werk van onskatbare waarde gedurende verkiesings gedoen. Volgens hulle grondwet was hulle doelstelling "die handhawing van ons bestaan as 'n blanke Afrikaanse volk en die ontwikkeling van ons volkslewe na die beste tradisies van ons voorgeslag". Nadat vrouestemreg toegeken is, het die Vroueparty in 1931 met die Manneparty saamgesmelt.[16]

Met die totstandkoming van die koalisie in 1933, het die NP geskeur. 'n Deel het saam met Hertzog deel van die Verenigde Party geword en die res het as die Gesuiwerde Nasionaliste bekend gestaan. Dit was uiters moeilike jare vir die "Gesuiwerdes". Jarelank was daar geen vroulike NP-LV nie, maar vroue het 'n groot rol in die herorganisasie van die party gespeel. In elke provinsiale afdeling is vroue tot die hoofbestuur verkies. In 1934 is Mabel Jansen tot voorlopige voorsitster van die hoofbestuur verkies en sy het die Transvaal ook op die Federale Raad verteenwoordig. Haar man, EG Jansen, was toe nog by die Smelters. Op 14 Augustus 1934 is sy weer tot voorlopige voorsitter van die hoofbestuur in Natal verkies.

---

14 Swan, p.57; CP Mulder en WA Cruywagen, **Die eerste skof van die Nasionale Party in Transvaal, 1914-1964** (Pretoria, 1964), p.63.

15 O Geyser en AH Marais (reds.), **Die Nasionale Party - deel 1** (Kaapstad, 1975), 235-6.

16 Swan, pp.57-68; Mulder en Cruywagen, pp.63-5.

Op 14 Desember is sy deur 'n man vervang, maar telkens het sy baanbrekerswerk verrig.[17]

### 2.3 Die Nasionale Raad van Vroue van Suid-Afrika

Die Internasionale Raad van Vroue (International Council of Women - ICW) is in 1888 in Washington gestig. Die uitvoerende raad het Olive Schreiner in die vroeë neëntigerjare van die neëntiende eeu as verteenwoordiger van Suid-Afrika na een van hul vergaderings uitgenooi. Twee vroue (mevv. Stewart en Nixon) het die ICW se konferensie in Londen in 1899 bygewoon as Suid-Afrika se verteenwoordigers. In 1909 is daar 'n tak in Kaapstad gestig en talle ander takke elders in die land het gevolg. In 1912 het hulle saamgewerk om die Nasionale Raad van Vroue te stig.

Die Raad was aktief in die beweging om vrouestemreg te verkry en het nadat dit in 1930 toegestaan is, voortgegaan om aan te dring op groter vroueverteenwoordiging op rade, kommissies en raadgewende liggame. Vroue is aangemoedig om hulself beskikbaar te stel as lede van die verskillende regeringsliggame.

Die raad kan nie as 'n politieke drukgroep beskou word nie, maar elke provinsie het 'n regskomitee gehad wat tog druk op die Provinsiale Rade uitgeoefen het. In Natal het hulle bv. in 1967 betoog vir 'n wyer verspreiding van sorg vir bejaardes.

Die totstandkoming van 'n regskomitee om ondersoek in te stel na vroue se wetlike onbevoegdheid was een saak waarvoor die raad hom beywer het, hoewel hulle nie die enigste rolspelers was nie.

Die werk van die raad is veral deur vroue in plaaslike takke gedoen. Wanneer 'n eenvormige stem nodig was, is sake op kongresse geopper vanwaar dit deur die Nasionale Staande Komitee hanteer is. Indien nodig, het die regskomitees dit onder die aandag van die Provinsiale Rade gebring wat dit na die toepaslike owerhede verwys het.

Deur die jare is veral sukses behaal wat betref die status van vroue, 'n beter bedeling vir vroue in die arbeidsmark, die registrasie van alle werkloses, die stigting van 'n Nasionale Federasie van Verbruikersverenigings, sekere maatskaplike en onderwyskwessies, kinderwelsyn en die versorging van bejaardes.

By die Raad se jubileumkongres in 1962 is soos volg oor die organisasie berig: "Our organisation serves to bring the contribution of women - their courage, wis-

---

17 PW Coetzer en JH le Roux (reds.), **Die Nasionale Party - deel 4** (Bloemfontein 1986), pp.9-11.

dom, generosity and prudence - to the building of a more just, most stable and a happier South Africa."[18]

### 2.4 Die "Black Sash"-beweging

In 1955 het die NP-regering sy voorneme te kenne gegee om die Senaat te vergroot om sodoende die benodigde twee derde-meerderheid van die twee huise te verkry om die bruin kiesers van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder. Op 19 Mei 1955 het ses Johannesburgse vroue die Women's Defence of the Constitution League (WDCL) gestig. Binne ure is 'n selnetwerk in werking gestel en 'n petisie teen die voorgenome wetgewing geformuleer. Die liga het 'n grondwet opgestel en 'n opmars gereël. Binne tien dae is 100 000 handtekeninge vir die petisie gewerf en op die elfde dag is die petisie aan die Goewerneur-Generaal voorgelê. Twee dae later was hulle geskok om te verneem dat die Goewerneur-Generaal die Senaatwet goedgekeur het.

Die vroue het 'n anti-Senaatwet-waak by die Uniegebou in Pretoria en 'n massavergadering in Johannesburg gehou. Hulle het besluit om sigbaar te bly en talle waakgeleenthede en simboliese proteste te hou, veral waar ministers in die openbaar sou verskyn. Hulle sou 'n teken van rou, 'n swart serp, dra. Hoewel hulle nie die wetgewing kon omkeer nie, het nie net Suid-Afrikaners nie, maar ook die wêreld daarbuite, deeglik kennis geneem van die protes teen wat hulle beskou het as magsmisbruik en onderdrukking in Suid-Afrika. Mirabel Rogers skryf in haar boek, **The Black Sash** (p.101): "When Parliament assembles soon, the campaign will enter a second phase. By their presence at Parliament, the Black Sash women may not be able to prevent the enactment of the sordid sequel to the Senate Act. But they will surely inspire the opposition with fresh vigour to continue the fight even against the now hopeless odds. And, too, whatever the influence of the protest, the Black Sash women will be writing into history a testament - a testament which will stand as lasting proof that a great number of South African women fought bravely and well to prevent their country from the shame of a dishonoured pledge .."[19]

## 3. VROUE IN DIE PARLEMENT

### 3.1 Die unieke verkiesing van 1933

Ekonomiese toestande het 'n beduidende rol gespeel in die Suid-Afrikaanse verkiesings van 1924, 1929 en 1933. Swak ekonomiese toestande het genl. JC

18 Swan, pp.69-77.
19 **Ibid.,** pp.78-87.

Smuts se party geknou en genl. JBM Hertzog se NP het 'n pakt met die Arbeiders aangegaan om sodoende die 1924-verkiesing te wen. Wêreldwyd het ekonomiese toestande verbeter en die Hertzogregering het die golf gery en die 1929-verkiesing ook gewen. Maar toe kom die ineenstorting van die beurs in Wallstraat in 1929 met die Groot Depressie wat daarop gevolg het. Die finansiële ineenstorting van Europa het daartoe gelei dat Brittanje in 1931 van die goudstandaard afgestap het, gevolg deur Suid-Afrika in 1933. Al hierdie finansiële onsekerhede en ellendes het tot gevolg gehad dat daar stemme opgegaan het vir 'n nasionale regering in Suid-Afrika. Generaals Smuts en Hertzog het, ten spyte van grondliggende verskille, 'n koalisie gesluit tussen die Suid-Afrikaanse en die Nasionale Party om die Verenigde Party te vorm. Dr. DF Malan en sy volgelinge was ten sterkste teen koalisie gekant en het die Gesuiwerde Nasionale Party gestig.[20]

Vir die eerste keer sedert die stemreg aan vroue toegestaan is, kon hulle in die 1933-verkiesing hul stemreg uitoefen. Veral in die Kaapprovinsie het dit 'n belangrike politieke faktor geword. Die getal blanke kiesers is deur die toevoeging van die vrouestem aansienlik versterk en die uitsluiting van bruin vroue het verhoed dat die bruin stem 'n steeds groter invloed binne die blanke politiek uitoefen.[21] Dit was moeilik voorspelbaar wat die invloed van die vrouestem sou wees. In 'n kiesafdeling soos Seepunt, waar daar 600 meer vrouekiesers as mans was, het dit 'n groot invloed uitgeoefen.[22] Hulle het gehelp om maj. Brand van Zyl naelskraap met 33 stemme in te stem[23].

Vroue kon hulle ook as kandidate beskikbaar stel.[24]

Voor die 1948-verkiesing was die vrouestem 'n onvoorspelbare faktor. Vroue was ontevrede oor die regering se beheermaatreëls na die oorlog en daar is selfs gekla dat Rhodesiërs wit brood kon eet terwyl Suid-Afrikaners verplig is om bruin brood te eet![25]

### 3.2 Die eerste vroue wat aan verkiesings deelgeneem het

Gedurende die twee dekades wat op die verkryging van die vrouestemreg gevolg het, het slegs ses vroue parlementêre status bereik.[26] Die eerste vrou in die parle-

---

20 T Cameron en SB Spies (reds.), **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika** (Kaapstad en Pretoria, 1977) pp.254-6.

21 JH le Roux en PW Coetzer (reds.), **Die Nasionale Party – deel 2** (Bloemfontein, 1980), p.403.

22 **Die Burger**, 15 Mei 1933.

23 JH le Roux en PW Coetzer (reds.), **Die Nasionale Party – deel 3** (Bloemfontein, 1982), p.357.

24 Die name van vroue wat tot die parlement verkies is en die tydperke wat hulle as parlementslede gedien het, is uit die **Debatte van die Volksraad**, 1933-1994 verkry.

25 **The Rhodesia Herald**, 24 en 25 Mei 1948, soos aangehaal in Le Roux en Coetzer (1982), p.649.

26 Scott Haigh, **Strangers may be present** (Londen, 1951), p.188

ment was Lelia Reitz, die Engelssprekende vrou van die gevierde Deneys Reitz, 'n kabinetsminister wat in 1943 Suid-Afrika se Hoë Kommissaris in Londen geword het. Sy was 'n gegradueerde van die Universiteite van Kaapstad en Cambridge. In 1933 het sy opslae gemaak toe sy as lid van die SAP-koalisie in die benoemingstryd die sittende LV, Willie Rockey, en kol. Odley met 'n groot meerderheid in die Randse kiesafdeling Parktown verslaan[27] en toe ook die verkiesing wen. Deneys en Lelia was die eerste egpaar wat saam in die parlement gesit het.[28] Hy het van haar gesê dat sy meer polities ingestel was as hy en in 'n baie moeiliker kiesafdeling moes veg - hy is onbestrede verkies.[29] In 1943 moes sy bedank om haar man na Londen te vergesel.[30]

Die enigste vrouekandidaat in Kaapland was mev. ACS Steenkamp, wat die provinsie se leier van die NP, dr. DF Malan, die stryd in Calvinia aangesê het. Dr. Malan het net 621 stemme meer as sy gekry - sy het dus baie goed gevaar. Haar eggenoot, dr. WP Steenkamp, het as onafhanklike lid teen dr. AJR van Rhyn (NP) gestaan.[31]

MC (Mabel) Malherbe (geb. Rex) was 'n susterskind van die digter Eugène Marais. Sy het 'n Engelse opvoeding gehad en was Engelsgeoriënteerd totdat sy deur die Jamesoninval in 1896 ontnugter is. Dit het haar nasionale gevoel laat ontwaak. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het sy by die Rooikruis aangesluit. Met die politieke skeuring tussen generaals Botha en Hertzog het sy haar by Hertzog geskaar en by die politiek betrokke geraak. Op 4 Augustus 1915 het sy deelgeneem aan die vroue-optog ten behoewe van die rebelleleiers.[32] Sy het haar vir die vrouestemreg beywer en was een van die stigters van die Nasionale Vroueparty in Transvaal. In Junie 1933 het sy NP-LPR in Transvaal geword. Kort daarna, op 23 Augustus 1933, is sy in 'n tussenverkiesing tot eerste Afrikaanssprekende LV as NP-koalisielid vir Wonderboom verkies met 'n meerderheid van 159. Sy het die setel tot 18 Mei 1938 behou.[33] Die skryfster, MER, het dit 'n aanwins vir die Volksraad en veral vir vrouekiesers genoem vanweë haar "onbaatsugtige strewe na volkswelsyn, haar opregte volksliefde en vaste getrouheid aan beginsels" as redakteur van **Die Boerevrou** en eerste vroueburgemeester van Pretoria.[34] Malherbe het die blad in Maart 1919 gestig en MER was vir 'n tydlank subredakteur.[35] Met die samesmelting tussen die SAP en die NP in Desember 1934, wat toe die VP geword het, het sy 'n VP-lid geword. Sy was gekant teen Smuts se oorlogsbeleid en in 1940

27 **Die Burger**, 4 April 1933.
28 **Ibid.,** p.187.
29 D Reitz, **No Outspan** (Londen, 1943) pp.170-1.
30 Swan, pp.36-7.
31 Le Roux en Coetzer, **Die Nasionale Party – deel 3**, pp.336, 337 en 357.
32 Steyn, p.134.
33 **Ibid**., p.309.
34 **Ibid.,** pp.309-10.
35 **Ibid**., pp.134-8.

is sy na die Herstigte Nasionale Party (HNP). Sy het MER na Pretoria laat kom om te help met die opstel van die vredespetisie van Afrikanervroue[36] en in Januarie 1941 is sy na die Afrikanerparty.

Mev. CCE Badenhorst is op 18 Mei 1938 as VP-LV vir Vrededorp verkies. In Januarie 1941 het sy by die Afrikanerparty aangesluit. Sy was 'n Volksraadslid tot 30 Mei 1943.

Margaret Ballinger was 'n Naturelleverteenwoordiger in die parlement - 'n posisie wat sy vir 20 jaar behou het. In 1936 is die Wet op Naturelleverteenwoordiging, waarvolgens verteenwoordigers vir drie kiesafdelings in die Kaapprovinsie, nl. Wes-Kaap, Oos-Kaap en die Transkei, deur swart mans met sekere kwalifikasies gekies is, aangeneem. Hierdie kiesers het daarin geslaag om uiters bekwame persone parlement toe te stuur, waarvan Ballinger een was. Sy was van Skotse afkoms, maar haar pa het aan Boerekant geveg in die Anglo-Boereoorlog! Verder het sy 'n briljante akademiese agtergrond gehad - nadat sy by Rhodes studeer het, is sy met 'n beurs na Oxford en was later 'n geskiedenisdosent aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Daar was vyf kandidate vir die posisie as Naturelleverteenwoordiger en Ballinger was die enigste vrou. Die kieskring Oos-Kaap met sy 4 020 kiesers was enorm en tydens die verkiesingsveldtog het sy meer as 3 000 km oor slegte paaie gereis. Sy het elke gehuggie besoek en ongeveer 100 vergaderings gehou. As dinamiese en meesleurende spreker het sy daarin geslaag om die kiesers aan haar kant te kry. Daar was 'n lae stempersentasie, maar sy het 1118 stemme gekry, terwyl die kandidaat wat tweede gekom het, slegs 961 kon haal.[37] Op 8 Junie 1937 het sy haar toetrede tot die parlement gemaak.

Tussen 1937 en 1960 het sy vyf verkiesings meegemaak waarvan net twee betwis is. Die verkiesingstryd in 1948 was maar baie flou in vergelyking met die een in 1937. [38] In **The Friend** is soos volg oor haar geskryf: "Her maiden speech was described as one of the best ever delivered. Her grasp of the problems of the Blacks and their interrelation with the country's other problems, made her a striking figure among her fellow-representatives. Whether her opponents agreed with her or not, they always listened to her speeches."[39]

---

36 **Ibid**, p.381.

37 FA Mouton, **Margaret Ballinger se verkiesing in 1937 as Oos-Kaapse Naturelleverteenwoordiger**, Universiteit van Pretoria, s.d.

38 **Weekend Argus**, 9 Februarie 1980.

39 **The Friend**, 18 Junie 1975.

Volgens Scott Haigh het sy oor "a masculine capacity for the devastating analysis" beskik.[40] Sy is beskou as een van die beste en mees logiese sprekers in die parlement.[41] Leslie Blackwell, 'n mede-parlementariër, skryf dat wanneer sy gepraat het, die lede geluister het: "When the news passes round that Mrs Ballinger is up, the House quickly begins to fill, for she is unquestionably the most attractive woman speaker I have ever heard." Sy het ook 'n baie goeie indruk op die pers gemaak.[42] Later het sy in die parlement vertel dat sy en haar twee kollegas dit aan die begin maar moeilik gevind het om hulle weg te vind. Hulle het geen politieke agtergrond gehad nie en het aan geen groep behoort nie. Amptenare van die parlement het hulle baie gehelp om op hulle voete te kom.[43] Haar man, William, was die naturelleverteenwoordiger vir die Transvaal in die Senaat. In 1956 is 'n wet aanvaar waarvolgens alle naturelleverteenwoordiging in die parlement en senaat afgeskaf is en die egpaar was hulle posisies kwyt.[44]

Sy was een van die stigters en eerste voorsitter van die Liberale Party wat in 1953 gestig en in 1968 ontbind is. Eredoktorsgrade is deur die universiteite van Kaapstad en Rhodes aan haar toegeken. Alan Paton het van haar gesê dat sy in die vroeëre jare van vroueverteenwoordiging in die parlement was wat Helen Suzman later was. Vir hom was sy eerder konserwatief as radikaal, toegewyd aan die oppergesag van die reg en gekant teen rassediskriminasie.[45]

Sy het haarself "a liberal, bred on the tradition of the old Cape Colony", genoem en volgens haar was dit jammer dat na 1910 en veral na 1948 afstand van hierdie tradisie gedoen is.[46] Verder sê sy: "For years before my entry into Parliament I had .. a strong and active interest in one aspect of our political life … the course of the Native policy…. I was convinced that the real interest and responsibility of South African politics lay in implementing the liberal principle, and in building on a democratic foundation out of all the diverse elements which compose our very complex population." Sy was nie geïnteresseerd in die stryd tussen die twee blanke bevolingsgroepe nie.[47]

Bertha Solomon was 'n uitstaande parlementariër. Sy het haar LLB-graad deur die Universiteit van Suid-Afrika verwerf en in 1926 die tweede vrou in die land geword wat tot die balie toegelaat is. Sy was die enigste praktiserende vroulike advokaat. In haar praktyk het sy tot die gevolgtrekking gekom dat die ongenaak-

40 Haigh, p.185.
41 Swan, p.42.
42 Leslie Blackwell, **Farewell to Parliament** (Pietermaritzburg, 1946), p.169.
43 Haigh, p.266.
44 Swan, p.42.
45 **Weekend Argus**, 9 Februarie 1980.
46 M Ballinger, **From Union to Apartheid** (Kaapstad, 1969), pp.13-4.
47 Ballinger, pp.37-8.

baarheid van die Romeins-Hollandse Reg en die maritale mag van die man getroude vroue erg benadeel het en sy was vasbeslote om iets daaraan te doen. Vervolgens het sy haar beywer vir die vrouestemreg totdat dit in 1930 toegestaan is. In 1933 het sy lid vir Bezuidenhout in die Transvaalse Provinsiale Raad geword en in 1936 is sy herkies.

In 1938 was sy die Verenigde Party (VP) se kandidaat in Jeppe, wat vir 30 jaar 'n Arbeiderspartysetel was. Sy is deur die formidabele leier van die Arbeidersparty, Jimmy Briggs, teengestaan en het die setel in die verkiesing van 19 Mei met 293 stemme gewen. Hierna het sy die setel vir die volgende 20 jaar met stygende meerderhede behou. Sy het toe sy nog in die Provinsiale Raad gedien het, 'n voorstel vir die instelling van derdepartyversekering ingedien, maar dit is van die hand gewys. In die parlement het sy daarmee voortgegaan en na sewe jaar is dit goedgekeur. Hierna het sy veral op vroue se wetlike onbevoegdheid met betrekking tot eiendom en kinders gekonsentreer en dit reggekry dat 'n Regterlike Komitee oor die Regte van Vroue ingestel word. Die komitee se verslag is in 1949 gepubliseer en eers in 1952 is 'n wet oor huweliksaangeleenthede, bekend as Bertha se Wet, aanvaar. Hierdie wet was die eerste in die land se geskiedenis wat 'n betekenisvolle verandering in vroue se wetlike regte teweeg gebring het.[48] "Diminutive, perky, extremely well turned out … a person of courage and tenacity", beskryf Blackwell haar. Hy noem haar 'n vurige vegter vir die sake waarin sy geglo het, maar sê dat sy met grasie geveg het.[49]

Vanaf 1944 was Ballinger en Solomon jarelank die enigste twee vroulike lede in die parlement.

### 3.3. Vroueverteenwoordigers 1950-1978

Helen Suzman was 'n dosent in ekonomie aan die Universiteit van die Witwatersrand. Sedert 1947 was sy betrokke by menseregte toe sy die Instituut vir Rasseverhoudings op 'n kongres in Londen verteenwoordig het. Net daarna het sy by die Verenigde Party aangesluit. In 1952 het sy haar ietwat teen haar sin laat oorreed om die VP se kandidaat in die kiesafdeling Houghton te word. Sy het die sittende lid, Eric Bell, en Joyce Waring in die nominasiestryd verslaan en op 15 April 1953 het sy die verkiesing gewen. In 1959 het sy en 11 ander LV's hulle by die nuutgestigte Progressiewe Party (PP) aangesluit. Met haar liberale siening het sy nooit tuis gevoel in die VP nie. Die beginjare was moeilik en in 1961 is sy as die enigste lid van die party tot die parlement verkies - "a cricket in the thorn tree" soos 'n NP-

48 Swan, pp.37-41.
49 Blackwell, p.173.

kollega haar genoem het.[50] In die provinsiale verkiesing van 1964 is geen enkele lid van die PP verkies nie en in 1966 het die PP-kandidate selfs swakker as in 1961 gevaar.[51] Suzman is egter telkens herkies. Haar belangstellingsveld was Wet en Orde, Justisie, gevangenisse en vroueregte.[52] Sy is 'n dapper, intelligente en vasberade vrou wat haar isolasie in die parlement realisties benader het. Volgens haar het sy opposie geniet. Omdat sy dertien jaar lank die enigste PP-lid was, was sy een van die hardwerkendste parlementariërs wat aan die meeste debatte deelgeneem en baie ure in die parlement bestee het.[53] Sy vertel self: "Apart from debates on legislation I had to speak in 17 ministerial posts. I had only one researcher to help me, not a whole back-up team as some people seemed to think." Sy het die vra van vrae as die waardevolste werk van die opposisie beskou. Sy het tot 300 vrae per sessie gevra.[54] Swan skryf in 1967: "The courage with which she stands up in a hostile Parliament and advocates views which are anathema to the majority, her forcefulness and her incisiveness have made her perhaps the best known and most admired woman in contemporary public life in South Africa."[55] Sy was dikwels die enigste Volksraadslid wat apartheidswetgewing en wette wat volgens haar die oppergesag van die reg aantas, teengestaan het.

In 1974 is haar enorme las aansienlik verlig toe ses ander lede van die PP tot die Volksraad verkies is en nog een daarna in 'n tussenverkiesing. Sy was toe egter die enigste vrou in die parlement, terwyl daar in 1953, toe sy die eerste keer verkies is, vier was. Sy het die gebrek aan vroulike parlementslede betreur. "The Nats don't encourage their women to take an active part in politics", het sy gesê.[56]

Gedurende die volgende twee jaar het die PP se naam tweekeer verander toe die party eers met die Reformiste Party saamgesmelt het om die Progressiewe Reformiste Party te word en daarna die Progressiewe Federale Party (PFP) geword het. In 1977 het die party die amptelike opposisie geword en in 1981 die toppunt van sy bestaan bereik toe 27 lede tot die Volksraad verkies is. In 1986 het 'n slag die party getref met die bedanking van sy leier, F v Zyl Slabbert. Suzman was van plan om die politieke terrein te verlaat, maar sy is oorreed om in 1987 weer te staan omdat die PFP soveel senior LV's as moontlik nodig gehad het. In hierdie verkiesing was daar nog 'n groot terugslag toe die party agt setels verloor het. In 1989 het die PFP met die Onafhanklike Party en die National Democratic

50 SL Barnard, "Die eensame pad: 'n evaluering van die geskiedenis van die Progressiewe Party van Suid-Afrika (1959-1966), **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, April 1987, p.6.
51 **Ibid,** p.21.
52 **The Natal Witness**, 17 Mei 1989.
53 Swan, p.45.
54 **The Argus**, 11 Julie 1984.
55 Swan, pp.45-6.
56 **Cape Herald**, 21 Junie 1975.

Movement saamgesmelt om die Demokratiese Party te vorm - 'n stap waarmee Suzman nie baie ingenome was nie.[57]

Hoewel sy so 'n sterk teenstander van apartheid was, was sy tog gekant teen die toepassing van sanksies teen Suid-Afrika. Sy het nie geglo dat dit die regering tot oorgawe sou dwing nie en sou eerder wou sien dat swart vakbonde en swart verbruikersboikotte ekonomiese druk op die regering plaas.[58]

Gedurende die tagtigerjare was sy, naas PW Botha, die langste sittende lid in die parlement.[59] Toe sy in Mei 1989 uittree - sy het haar afskeidstoespraak op 23 Mei gelewer - was sy vir 36 jaar lank Volksraadslid. Sy het die gewete van wit Suid-Afrikaners geword. Tereg is daar van haar gesê: "Her determination, fearlessness an her commitment to liberal principles earned her the respect of friend and foe alike."[60]

Verskeie toekennings het na haar kant gekom - verskeie daarvan vir haar bydrae tot menseregte, bv. in 1978 deur die Verenigde Nasies. Sy het 11 doktorsgrade ontvang, waarvan net twee in Suid-Afrika was. Verder is sy tweekeer vir die Nobelprys benoem.[61]

Catherine Taylor, wat wysbegeerte en tale aan die Universiteit van Bristol bestudeer het, was 'n stoere VP-lid wat op talle bestuursliggame van die party gedien en leiersposisies beklee het. Sy was nege jaar lank lid van die Kaaplandse Provinsiale Raad waar sy onderleier en sweep van die party geword het. In 1963 het sy die kiesafdeling Wynberg in 'n driehoekige stryd verower. Spoedig was sy 'n gesaghebbende op die gebiede van gesondheid, hospitale, onderwys en kleurlingsake en het deernis gehad met die bruin mense se sosiale omstandighede. Sy het selfs lof van PW Botha, toe Minister van Gemeenskapsontwikkeling, uitgelok oor haar bydraes. Sy het daarop aangedring dat sy nie in die parlement is as 'n vrou nie, maar as 'n kollega; tog het sy haar intens beywer vir vrouebelange. Onderwys was vir haar 'n passie en sy het gehelp om die VP se onderwysbeleid op te stel. In 1966 het sy haar setel met 'n meerderheid van meer as 3 000 teen haar NP-teenstander behou - die derde hoogste meerderheid in daardie verkiesing.[62] In 1970 is sy weer tot die Volksraad verkies. Sy was die VP se skaduminister vir onderwys tussen 1970 en 1973. In 1974 het sy as LV en lid van die VP bedank.

---

57 **Pretoria News**, 17 Mei 1989.
58 Shelagh Gastrow, **Who's Who in South African Politics**, no.2 (Braamfontein, 1987).
59 **The Cape Times**, 3 Maart 1983.
60 **The Natal Witness**, 17 Mei 1989.
61 **The Cape Argus**, 27 Junie 1986.
62 **Ibid**, pp.47-50.

Ursula (Molly) Weiss het die VP vanaf 1961-1966 in Johannesburg-Noord verteenwoordig nadat sy vanaf 1954 lid van die Transvaalse Provinsiale Raad was. Sy was byna fanaties oor die opvoedkundige waarde van televisie - 'n onderwerp waarvan sy 'n diepgaande studie gemaak het. Volgens haar kon soveel meer mense bereik word, veral wanneer daar 'n tekort aan onderwysers was. Haar ander belangstellings was onderwys, maatskaplike welvaart (veral die rehabilitasie van alkoholiste), radio en patente.[63]

Sannie van Niekerk (VP-lid vir Drakensberg, 1953-1966), tant Sannie vir haar kollegas, was moontlik die interessantste karakter onder die vroulike parlementslede. Sodra sy in die Volksraad op die been gekom het, was daar talle tussenwerpsels. Sy het dit geniet: "But heckling was food and drink to me. I found it most amusing, especially when my own side shouted for me."[64] Sy was lid van die Natalse Provinsiale Raad sedert 1942, totdat sy in 1953 in die Drakensbergkiesafdeling verkies is. Nadat sy ses oorwinnings in verkiesings behaal het, is sy in 1966 in die nuutafgebakende kiesafdeling Kliprivier deur 'n Nasionalis verslaan. Sy het meer openbare vergaderings as enige ander vrouelid toegespreek. Wat spesiale behandeling van vrouelede betref, het sy, wat 'n stoere feminis was, gesê: "I never asked for women to have special privileges - if they work for equal privilege, they must be equally efficient."[65]

Mathilda Koster kom uit 'n politieke gesin en het na die Tweede Wêreldoorlog haar volle aandag aan politiek begin wy. In 'n omgewing wat deur die VP oorheers is, die Oos-Kaap, het sy begin om nuwe takke vir die NP in Oos-Londen te stig totdat daar in 1952 13 takke met 2 000 lede was. Sy het van dorp tot dorp gereis, van huis tot huis besoek afgelê en sodra sy genoeg belangstellendes bymekaar kon kry, 'n vergadering gehou en 'n komitee gestig. In 1953 het sy in die parlementêre kiesafdeling Port Elizabeth-Sentraal teen AE Trollip, toe VP, verloor. 'n Jaar later het sy in die Provinsiale Raadverkiesing in dieselfde kiesafdeling goed gevaar deur die VP-raadslid se meerderheid met 1013 te verminder. In 1955 is sy deur die regering as die eerste vroulike senator in Suid-Afrika benoem.[66]

Senator Isabella Gordon (Tibbie) Visser was pres. Steyn se dogter. Sy en haar eerste man, NJ van der Merwe, was suksesvol op die politieke terrein - hy as LV en Vrystaatse leier van die NP en sy, jare na sy dood, as benoemde senator. Sy het op verskillende nasionale instansies se rade gedien, bv. dié van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie en was lid van die Vrystaatse Provinsiale Raad sedert 1954. In

63 **Ibid**., pp.50-1.
64 **Ibid**., p.52.
65 **Ibid**., p.53.
66 **Ibid**., pp.55-6.

1960 is sy as senator benoem. Sy was veral in maatskaplike aangeleenthede geïnteresseerd, met bejaardesorg bo aan haar lysie. Sy was 'n stigterslid van die Oranje Vrouevereniging (OVV) in die Vrystaat en van die ouetehuis in Odendaalsrus. In die Senaat het sy op verskeie werksgroepe gedien waaronder gesondheid en maatskaplike welsyn.[67]

Teen 1965 was daar ses vroue wat die toppunt in die politiek bereik het, maar hulle het na vier in 1967 afgeneem. Hulle is met 37 teen een in die Volksraad en 25 teen een in die Senaat oorskadu, maar het hulle plek volgestaan. In Brittanje was daar op dieselfde tydstip 28 vroulike parlementslede teenoor 729 manlikes - dus 26 mans teen een vrou.[68]

### 3.4 Die jare 1968-1994

Eers in 1979 is daar weer 'n vrou tot die parlement verkies - EM (Bessie) Scholtz. Nadat sy jare lank 'n NP-LPR in die Transvaal was, is sy op 29 Oktober 1979 as NP-LP vir Germiston-Distrik verkies. Op 15 Maart 1982 het sy as onafhanklike kandidaat die setel in die algemene verkiesing gewen. Pas daarna, op 20 Maart, het sy by die Konserwatiewe Party (KP) aangesluit vir wie sy die setel tot op 5 Mei 1987 behou het.

In 1984 skryf die **Sunday Times** soos volg: "South Africa has long been thought of as a political wilderness for women. Only few have made it to Parliament - among them Catherine Taylor, Margaret Ballinger, Sannie van Niekerk and Tibbie Visser." Daarna was Helen Suzman jare lank die enigste vrouelid totdat Bessie Scholtz bygekom het. Nou was daar 'n nuwe gesig op die horison. En die **Sunday Times** waag 'n voorspelling: "Johannesburg City Councillor Sheila Camerer, who romped home to win the recent Rosettenville provincial by-election could become South Africa's first woman president - even if it's only in the year 2000." Sy het nie so gedink nie, want sy het haarself meer as een van 'n span as die leier gesien. Verder was sy van mening dat om vrou te wees, deel van haar sukses was. Baie vroue het aan haar gesê dat hulle vir haar gestem het omdat sy 'n vrou was. Sy het nooit enige diskriminasie teen haar in die politiek ervaar nie: "I've always been expected to pull my weight. Nobody's patronised me." Sy was van plan om op onderwys te fokus.[69]

Nadat sy in 1964 'n BA.LLB-graad verwerf het, was sy twee jaar lank staatsaanklaer in Johannesburg. Vanaf 1966 was sy vir nege jaar ondersoekende finansiële joernalis by die **Financial Mail** op 'n tydstip toe vroue dié tipe joernalistiek vermy

---

67 **Ibid**., pp.54-5.
68 **Ibid**., pp.43-4.
69 **Sunday Times**, 5 Augustus 1984.

het.[70] Camerer was heeltyds prokureur en stadsraadslid van Johannesburg (nadat sy die voormalige burgemeester, Molly Sklaar, in 'n grenssetel met 102 stemme in 1982 verslaan het[71]), lid van die stadsraad se behuisingskomitee en ook voorsitter van die Goudstadse publisiteitskomitee. Haar verkiesing tot stadsraadslid was 'n keerpunt in haar loopbaan. Sy het in 'n politieke dampkring grootgeword - haar pa, Bob Badenhorst-Durrant was 16 jaar lank VP-LV vir Turffontein en toe NP-LP vir Von Brandis en haar man, Alex, was in 1981 die onsuksesvolle NP-kandidaat in die moeilike kiesafdeling Parktown. Dit was hy wat haar oorreed het om tot die politiek toe te tree en wat regdeur haar loopbaan haar nie-amptelike politieke adviseur en anker sou wees.[72] Sy en haar man het lank reeds vir die Nasionale Party gewerk. Sy het as kandidaat vir die NP in die provinsiale tussenverkiesing in Rosettenville gestaan omdat sy graag meer Engelssprekendes as verteenwoordigers van dié party in die parlement en Provinsiale Raad wou sien en omdat sy 'n onwrikbare geloof in die nuwe grondwetlike bedeling gehad het omdat dit 'n tuiste vir kleurlinge en Indiërs geskep het.[73] Sy het die verkiesing gewen en een van vier vroulike NP-LPR'e in Transvaal geword.[74]

In 1987 het sy die benoemingstryd in die parlementêre kiesafdeling Rosettenville teen Sporie van Rensburg en ook die verkiesing oortuigend met 5042 stemme gewen. In die Volksraad het sy 'n lid van die NP-koukus se studiegroep oor buitelandse sake, grondwetlike ontwikkeling, finansies, justisie en nasionale gesondheid en welsyn geword. Vanaf 1988 tot 1993 was sy 'n lid van die Gesamentlike Komitee oor Justisie en ondervoorsitter van die NP-koukus se studiegroep oor nasionale gesondheid en welsyn. Twee jaar lank was sy ook direkteur van mediaskakeling van die party se federale inligtingsdiens. Camerer is 'n vurige kampvegter vir vroueregte. Sy het haar beywer vir wetgewing teen diskriminasie en het haar steun toegesê aan die destydse Minister van Justisie en Verdediging, Kobie Coetsee, om maatreëls te tref om vroue teen seksuele teistering en verkragting binne die huwelik te beskerm. Vroue moet volgens haar 'n belangrike rol speel in die opvoeding van die gemeenskap om die posisie van die vrou te verbeter. Hulle is die spilpunt van die gesin en gemeenskap en moet hulle leierskapspotensiaal so ontwikkel dat dit tot voordeel van hul gemeenskappe strek. Sy beskou die opheffing van die vrou as een van die grootste uitdagings van ons tyd en glo dat dit 'n sleutelfaktor sal wees in die land se sosiaal-ekonomiese en politieke oorlewing.[75] Sy was haar party se woordvoerder oor vroueregte en -kwessies.[76]

70 S Erasmus, "Ter wille van geregtigheid", **Aksent**, Desember 1994, p.38.
71 **Financial Mail**, 6 Julie 1984.
72 Erasmus, p.38.
73 **Beeld**, 23 Maart 1984; **Die Vaderland**, 26 Januarie 1987.
74 **Financial Mail**, 6 Julie 1984.
75 Erasmus, p.38.
76 **Vrye Weekblad**, 2-15 Oktober 1992.

Sy is in April 1993 aangestel as Adjunkminister van Justisie. Vir haar was haar rol as raadgewer en alternatiewe afgevaardigde by Kodesa, waar sy in Werkgroep Twee saam met mense soos Cyril Ramaphosa, Mohammed Vali Moosa en Gerrit Viljoen koppe bymekaar kon sit, 'n hoogtepunt in haar loopbaan.[77] Sy was lid van die regeringspan wat oor die Handves vir Fundamentele Regte onderhandel het, 'n dokument wat geslagsgelykheid verseker.[78] As regsgeleerde glo sy in gelykheid. Menseregte is haar geliefkoosde politieke kwessie en sy is in alle opsigte 'n hervormer. In 1992 het sy gesê: "En as 'n demokratiese parlement eendag sit, sal ek baie graag deel daarvan wil wees, want dit sal die volle realisering van my ideale wees."[79] Dit was haar beskore om tydens die land se eerste demokratiese verkiesing in 1994 tot lid van die Nasionale Vergadering verkies te word.[80]

Dr. Tersia King het in 1977 stadsraadslid in Kemptonpark geword. Sy het diep spore in onderwys- en sakegeledere getrap en verskeie poste in die strukture van die NP beklee. Sy was onder meer lid van die party se hoofbestuur in Transvaal.[81] In 1981 het sy aan die provinsiale verkiesing in Hillbrow deelgeneem en in 1987 die NP se benoemingstryd in Kemptonpark en daarna die setel gewen.[82] Sy was Volksraadslid tot 1994 en in die nuwe bedeling het sy weer sitting geneem in die Nasionale Vergadering.

Die vrou wat bestem sou wees om die eerste vroulike minister in die Suid-Afrikaanse Volksraad te word, Elizabeth Hendrina (Rina) Venter, het in 1973 haar doktorsgraad in Maatskaplike Werk verwerf. Sy was jarelank maatskaplike werkster en het algaande soveel aansien in haar beroep verwerf dat sy tussen 1980 en 1984 voorsitster van die Suid-Afrikaans Vrouefederasie (SAVF) was. Op 5 Oktober 1984 is sy as Transvaalse NP-LV (en die enigste NP-vrou in die Volksraad) benoem waarna sy uit talle poste bedank het, bv. as raadslid van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie en die Nasionale Behuisingskommissie en in 1985 ook as voorsitter van die SAVF, wat 'n federasie van 28 organisasies was. Sy was ook 'n konsultant vir die SA Weermag se welsynsafdeling. Sy sou op welsyn en behuising fokus. Welsynswerk moes volgens haar meer gemeenskapsgerig word en meer vrywilligers moes deelneem. Die benoeming het haar voor talle uitdagings te staan gebring. Sy het gedurende die eerste ses maande van die jaar in Kaapstad gebly en elke naweek Pretoria toe gependel om by haar man en twee seuns te wees. Die lewe in die Kaap was baie bedrywig met die bywoon en deelname aan debatte en studiegroepe in die Volksraad en korrespondensie wat afgehandel moes word.

77 **Ibid**.
78 Erasmus, p.38.
79 **Vrye Weekblad**, 2-15 Oktober 1992.
80 Erasmus, p.38.
81 **Rapport**, 5 November 1986.
82 **Beeld**, 27 Januarie 1987; **Vaderland**, 26 Januarie 1987.

Die laaste ses maande van die jaar was Pretoria haar basis, maar die openbare optredes by politieke vergaderings het baie tyd en voorbereiding geverg. Haar grootste uitdaging was om te bewys dat 'n vrou die pos goed kan behartig. Sy het gesê: "Ek glo dat vroue meer prakties in die politiek is….. Ek wil hê mans moet my soos 'n vrou behandel, want ek *is* 'n vrou. Maar ek vra nie spesiale voorregte omdat ek 'n vrou is nie. As ek sterk voel oor 'n saak, moet hulle nie net na my luister omdat ek 'n vrou is nie. My argumente moet so goed gemotiveer wees dat dit 'n saak verkoop."[83]

In Maart 1987 is sy aangestel as Ministeriële Verteenwoordiger: Administrasie Volksraad in die streek Noord- en Oos-Transvaal. In 'n onderhoud het sy verklaar: "Die politici van vandag lê nou saam die fondament vir samewerking tussen alle volke in Suid-Afrika. My verstand sê vir my dat daar geen weg is om Suid- Afrika reg te regeer sonder die samewerking van alle bevolkingsgroepe nie."[84]

Daar was dryfkrag in die vrou met die sagte stem en hoflike optrede. Nadat sy 'n benoemde lid van die Volksraad was, het sy LV vir Innesdal geword en is sy op 18 September 1989 as die eerste vroulike minister in Suid-Afrika aangestel. Sy het die Minister van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling geword in FW de Klerk, wat op 6 September staatspresident geword het, se nuwe span. 'n Moeilike taak het vir haar voorgelê, want sy het die Vigsprobleem, 'n verplegingskrisis en die probleem van 'n bevolkingsontploffing geërf. Wat haar betref, was dit haar taak om in voeling met die kiesers te bly en hulle ingelig te hou.[85] Sy het haar pos behou totdat die ou bedeling tot 'n einde gekom het.

In 1988 het die volgende vroue lede van die Volksraad geword: Esmé Joy Chait, NP (indirek verkies - tot 1989), Johanna Elizabeth Louw Hunter, NP, Edenvale (tot 1989), Rosil Jager, NP (deur die Staatspresident op 19 Mei 1988 benoem in AL Schlebusch, wat bedank het, se plek - sy het net tot 1989 gedien) en dr. Tersia Johanna King, NP, Kemptonpark.

Op 6 September 1989 het Mudene (Dene) Smuts van die DP bygekom. Sy het 'n lang loopbaan in die joernalistiek gehad nadat sy 'n Honneursgraad in Engels verwerf het. In 1972 was sy vir 'n jaar lank joernalis by **Die Burger**, in 1975 het sy assistentredakteur van **Sarie** geword en in 1976 is sy na **Fair Lady**. Nadat sy twee jaar lank daar weg is, het sy teruggekeer om van November 1983 tot 3 April 1987 redakteur te wees. Daarna was sy die besturende direkteur van **Leadership SA**. In September 1989 het sy die verkiesingstryd in die kiesafdeling Groote Schuur

83 **Rooi Rose**, 28 Mei 1986; **Beeld**, 1 Mei 1985; **Financial Mail**, 5 Oktober 1984.
84 **Die Transvaler**, 20 Junie 1989.
85 **Pretoria News**, 18 September 1989; **The Star**, 20 September 1989.

gewen. Na die demokratiese verkiesing in 1994 het sy 'n lid van die Nasionale Vergadering geword.

Die DP het in 1990 vir Carole Heeley Charlewood, voorheen 'n televisie-persoonlikheid, parlement toe gestuur vir die kiesafdeling Umbilo.

## 4. PROVINSIALE RADE

Tussen 1911 en 1986, toe Provinsiale Rade afgeskaf en Ministeriële Verteenwoordigers in die provinsies aangestel is, het 'n klein groepie vroue hulself beskikbaar gestel om in dié rade te dien. Soos reeds gemeld, het die meeste vroue wat tot die twee huise van die parlement verkies is, ook 'n draai in die Provinsiale Rade gemaak en daar hul stempel afgedruk. Senator Tibbie Visser is onder andere genoem. Haar ewe bekende suster, adv. Gladys Steyn, was die eerste vrou wat tot die Provinsiale Raad in die Vrystaat verkies is. Sy is in 1933 vir die kiesafdeling Bloemfontein-Oos verkies en weer in 1939 in 'n tussenverkiesing. Toe sy in 1943 vir Bloemfontein-Wes verkies is, het sy die leier van die Verenigde Party in die raad geword. In 1954 het sy uitgetree. Kathleen van Rhyn het tussen 1971 en 1986 die kiesafdelings Bloemfontein-Suid en Bloemfontein-Wilgehof in die Vrystaatse Provinsiale Raad verteenwoordig.

Dr. Rina Venter was tussen 1987 en 1989 Ministeriële Verteenwoordiger in Noord- en Oos-Transvaal en Martha Olckers in die Kaapprovinsie.

## 5. PLAASLIKE REGERING

Wat plaaslike regering betref, het Natal die voortou geneem. Die eerste vroulike stadsraadslid in Suid-Afrika, en dus ook die eerste vrou wat tot 'n regeringsliggaam verkies is, was mev. Sarah Ann Woods wat op 4 Augustus 1915 raadslid vir Pietermaritzburg geword het.[86] Sy was tot 10 April 1923 op die raad, was baie bekwaam en het 'n belangrike bydrae gelewer in talle stadsraadskomitees en op die gebied van welsynswerk. Die volgende vrou op dié stadsraad was Eleanor Russel (1930-1948), wat ook tussen 1939 en 1941 onderburgemeester was. Jessie McPherson van die Arbeidersparty was raadslid van Johannesburg tussen 1939 en 1946 en ook burgemeester van 1945 tot 1946. Sy was ook die nasionale leier van die Arbeidersparty.[87]

Vroueraadslede was dekades lank maar dun gesaai. Margaret Maytom was een van hulle. Sy was vir 28 jaar ononderbroke raadslid en twee keer onderburgemeester

86 **Natal Witness**, 7 Augustus 1965.
87 Swan, pp.24-8.

van Durban voordat sy op 8 Oktober 1966 tot burgemeester verkies is.[88] Durban het in daardie stadium vier vroulike raadslede gehad. Een van hulle was Bella Schahmann wat in 1965 die enigste vroulike kandidaat vir die Natalse Provinsiale Raad was. Sy was ook in 1966 se parlementêre verkiesing die Progressiewe Party, waarvan sy 'n stigterslid en lid van die uitvoerende komitee was, se kandidaat in Durban-Berea.[89]

Een van Suid-Afrika se voorste vroulike stadsraadslede was Aletta Nel van Potchefstroom. Sy was v25 jaar lank raadslid, waarvan vir 17 jaar lid van die Transvaalse Munisipale Vereniging (twee keer as voorsitter) en vir 12 jaar lid van die Suid-Afrikaanse Verenigde Munisipaliteite se uitvoerende komitee. Verder was sy vier keer burgemeester en vier keer waarnemende burgemeester. Op 31 Oktober 1963 is die vryheid van die stad aan haar toegeken.[90]

Die bekende Joyce Newton-Thompson, burgemeester van Kaapstad vir 'n aantal jare, het daarop gewys dat vroulike burgemeesters, veral in die groter sentra, meer as 'n voltydse beroep gehad het. Hulle moes soveel funksies bywoon, veral ook vir fondsinsamelings, dat hulle byna altyd in die openbare oog was. Sy het gemeen vroue is beter toegerus vir hierdie soort dienslewering as mans.[91]

Daar was deur die jare nog 'n klompie vroulike burgemeesters en onderburgemeesters, bv.Anna Enslin en Olive Grinter wat onderskeidelik tussen 1949-1950 en 1953-1954 onderburgemeesters van Bloemfontein was. Pretoria kon met 'n indrukwekkende lys tussen 1938 en 1948 spog - daar was twee vroulike burgemeesters en drie onderburgemeesters.[92]

## 6. AANLOOP TOT DIE NUWE BEDELING

Die tyd vir blanke alleenheerskappy het verbygegaan en daar moes beding word vir 'n nuwe, demokratiese bestel. Vrouepolitici soos Helen Suzman en Dene Smuts was onthuts oor die geringe vroueverteenwoordiging in die spanne wat oor 'n nuwe bedeling moes onderhandel.[93] Die Nasionale Vrouekoalisie (bestaande uit vroue van alle rasse) en ander vroueorganisasies se aandrang op groter verteenwoordiging het daartoe gelei dat daar by die eerste vergadering van die Onderhandelingsforum in April 1993 besluit is op die verpligte insluiting van vroue in die onderhandelinge.[94]

88 **Natal Mercury**, 9 Oktober 1966.
89 Swan, pp.29-31.
90 Swan, p.33.
91 Swan, pp.33-4.
92 Swan, p.34.
93 **The Natal Mercury**, 17 Maart 1992.
94 Notule, Onderhandelingsforum, 1 April 1993.

In die tussentydse grondwet is die reg op geslagsgelykheid erken en pres. FW de Klerk het ook die versekering gegee dat daar in die finale grondwet voorsiening gemaak sou word vir 'n Geslagsgelykheidskommissie.[95]

In die aanloop tot die 1994-verkiesing het al die partye 'n redelike persentasie vroue op hul kandidatelyste ingesluit wat tot gevolg sou hê dat vroueverteenwoordiging in die parlement aansienlik sou verhoog in die nuwe bedeling.

## 7. SLOTOPMERKINGS

Selfs voordat blanke Suid-Afrikaanse vroue in 1933 stemreg gekry het, het baie van hulle in die politiek belang gestel. Vrouebewegings en selfs 'n vroueparty is gestig en daar is ywerig voor verkiesings gewerk. Werwing is gedoen, fondsinsamelings gehou en verversings verskaf.

Tussen 1933, toe vroue stemreg gekry en ook verkiesbaar geword het, tot 1994 was daar maar min vroue in regeringsliggame verteenwoordig. In die Volksraad was daar by tye net een. Aan die einde van die ou bedeling was slegs agt uit 308 parlementslede vroue - dus 2,7%. Hulle moes maar verlore gelyk het tussen soveel grys pakke.

Nogtans het die enkeles wat daar was hulle plek volgestaan. Die meeste van hulle het stap vir stap gevorder vanaf stadsrade, provinsiale rade en posisies in hul politieke partye se strukture en so hul vaardighede geslyp. Hulle het in parlementêre komitees gedien waar hulle waardevolle bydraes gelewer het en was goed voorbereid vir debatte in die raadsaal. Die meeste van hulle kon hulle woord besonder goed doen in debatte. Aangesien dit nog in die bedeling van kiesafdelings was, het hulle verslag gaan doen in hul kiesafdelings en was met tipiese vroulike deernis bekommerd oor toestande daar. Helen Suzman het in 2004 'n onderhoud met **The Sunday Telegraph** gesê dat daar baie positiewe ontwikkelinge in Suid-Afrika was oor die afgelope tien jaar - daar is vordering gemaak met behuising en die verskaffing van water en elektrisiteit, maar "as ek nou nog aktief in die politiek was, sou ek dáár gewees het, my rondes gedoen het om te kyk dat dit in stand gehou word".[96] Dit was die styl van die vroue in die ou bedeling.

Terwyl blanke vroue 'n redelik beskeie rol in die amptelike politiek in die ou bedeling gespeel het, was swart vroue daar buite besonder aktief in die stryd teen apartheid betrokke.

---

95 **Sowetan**, 22April 1994.
96 Aangehaal in **Rapport**, 30 Mei 2004.